

NOVYN LOMBARD



PROVERB en ONALERONA THEKISHO

BO: Die sanger ProVerb, wat die volgende Idols-seisoen gaan help aanbied, en sy vrou, Onalerona Thekisho. Die blou band om haar arm is 'n toegangskaartjie vir die eksklusiewe regstreekse uitsending.



IZAK DAVEL en sy vrou, MERICKE

'n Besige jaar lê voor vir die sexy sanger Izak Davel wat sy lyf akteur hou. Sodra hy klaar aan die nuwe Getroud met Rugby-fleek gewerk het, gaan hy met opnames vir sy nuwe solo-album begin.



GYS DE VILLIERS en CINDY NELL ROBERTS

NICO EN CHRISTI BREEK WEG

DIT lyk of **NICO PANAGIO** maar net nie genoeg van eilande kan kry nie. Survivor SA: Santa Carolina is skaars verby en die sexy aanbieder van die reeks is al klaar weer op pad na nog 'n eiland – dié keer vir 'n welverdiende blaaskans saam met sy vrou, **CHRISTI**, na 'n Griekse eiland. "Ons sal daar bly tot ons geld opraak," het hy geskerts. Die donkerkopakteur en TV-aanbieder sê hy werk sedert verlede jaar hard aan drie projekte – Survivor, die kykNET-reeks Vallei van die Sluiers en die Franz Marx-fleek Susanna. "Ek het vier maande lank skaars geslaap," het Nico in M-Net se ateljee in Randburg by die regstreekse uitsending van die slotaflewering van Survivor vertel. Daar was heelwat omstredenheid toe **OKKERT BRITS** se vrou, Jane, twee ander kykers tydens die uitsending uitstof en 'n motor wen, maar die Olimpiese atleet sê sy vrou is net gekies omdat sy so flink gestem het. Hoe meer jy gestem het, hoe groter was jou kans om die motor te wen. "My vrou verdien dit om te wen. Sy het vir almal gesê om vir my te stem," het Okkert gesê. – JAKO OULIN



NICO en CHRISTI PANAGIO

Die winner van Survivor SA: Santa Carolina, die ontkleeklubeienaar GiGi, het ná die uitsending in 'n metaalkleurige rok by die partytjie verskyn.



SADE en KAS



OKKERT BRITS



GIGI